

MISEIERTELLINGS

BEVESTIGING VAN WURM INFESTASIES

DIE MISEIERTELLING TOETS

Die miseiertelling is 'n tegniek waarmee die graad van wurmbesmetting van 'n dier bepaal kan word. Daar moet egter onthou word dat die teenwoordigheid van wurmeiers in die mis slegs 'n aanduiding gee dat die dier wel met wurms besmet is, maar dit korreleer nie altyd met die fisiese hoeveelheid wurms wat binne-in die dier teenwoordig is nie. Nietemin is die miseiertelling 'n handige manier om die graad van wurmbesmetting in 'n kudde te monitor indien dit gereeld (minstens een maal per maand) van spesifieke groepe diere gedoen word. Dit sal die vee-eienaar instaat stel om 'n besluit te neem of dosering nodig is of nie, om sodoende onnodige finansiële uitgawes te voorkom. Verder help dit die vee-eienaar om die effektiwiteit van sy/haar doseerprogram te monitor asook om die aantal doserings te verminder, wat die ontwikkeling van wurmw weerstand sal vertraag.

'n Paar reëls geld vir die korrekte versameling van 'n mismonster: neem die mis direk vanuit die rektum van die dier, plaas die individuele mismonsters elk in sy eie houër (plastiek banksakkies werk baie goed vir hierdie doel), merk die sakkie met die dier se identifikasienommer en hou die mismonster koel totdat dit so gou as moontlik by die laboratorium of veearts ingedien is. Moet egter nie die mis in die vrieskas plaas nie want die eiers bars en 'n vals negatiewe resultaat word verkry.

Wanneer die vee eienaar die uitslag ontvang sal die resultaat uitgedruk word in terme van die aantal rondewurmeiers per gram mis (afkorting "epg"). (Soos reeds genoem verskaf hierdie getal slegs 'n aanduiding van die graad van besmetting, maar kan nie direk gekorreleer word met die hoeveelheid wurms wat in die dier teenwoordig is nie).

Die algemene voorstel aan vee-eienaars is dat wanneer die telling by skape en bokke hoër as 800 epg is dat dosering oorweeg moet word en by beeste en perde 300 epg of hoër. Dit mag egter laer wees sou die diere nie toegang tot goeie voeding hê nie.

Dit is altyd raadsaam om die wurmmiddel wat gebruik gaan word in oorleg met die vee eienaar se eie veearts te kies. Dié veearts beskik gewoonlik oor kennis van die plaas se veesiektegeskiedenis en is dus in 'n goeie posisie om van hulp te wees met die keuse van 'n effektiewe wurmmiddel.

Dit is goeie praktyk om nie net op wurmmiddels alleen staat te maak vir wurmbestuur nie; gebruik die miseiertelling as 'n hulpmiddel in u geïntegreerde benadering tot wurmbestuur.

NEEM VAN MISMONSTERS (vir eiertellings)

- Ongeveer 5g mis moet van elke dier se rektum versamel word en nie van grond af nie
- Die dier se identifikasie moet duidelik op die mis se sakkie aangebring word
- Die mis moet ten alle tye koel gehou word (0 – 10°C)
- Die monster moet die Veterinêre Laboratorium binne 24-48 uur na versameling bereik. Indien die monster nie dadelik gestuur kan word nie moet dit in 'n yskas gestoor word en nie gevries word nie.
- Hoeveelheid: 10% van kudde behalwe by groot kuddes waar 10 diere uit elke groep (bv. 10 lammers, 10 ooie, 10 ramme) geneem kan word. Kuddes <100 verkieslik meer as 10%

MISEIERTELLINGS

BEVESTIGING VAN WURM INFESTASIES

NEEM VAN MISMONSTERS (vir MERT – Miseiertelling reduksie toets)

- Die MERT word gedoen om die effektiwiteit van ontwormingsmiddels te bepaal (dus of daar weerstand is teen van die produkte se aktiewe bestandele)
- Die diere word in groepe van 10 ingedeel en elke groep met 'n middel met 'n ander 'aktief' behandel; 'n kontrole groep is belangrik
- Verkieslik diere 3-6 maande oud en nog nie van te vore ontworm nie of 2-3 maande laas ontworm
- Monsters word op die selfde manier geneem as vir eiertellings
- Monsters word egter net voor behandeling (Dag 0) en weer tussen dag 10 en 14 na behandeling geneem

TOERUSTING

- Skaal
- Stereomikroskoop (40 en 100 x vergroting)
- McMaster plaatjies (met 2 of 3 telkamers)
- Yskas
- “Blender” / Mengmasjien / Stomp stok (om mis op te breek en fyn te maal)
- Houers
- Maatsilinder / Groot spuit (om flottasie vloeistof af te meet)
- Pipette om McMaster telkamers te laai
- Amielalkohol (om borrels in vloeistof op te breek / water spanning te breek)
- Flottasie vloeistof met 'n spesifieke gravitasie van ≥ 1.14 (40% suiker oplossing / versadigde sout oplossing)

Filum Nematoda (Rondewurms) NEMATODES

- Nematodes (ook bekend as rondewurms) is ongesegmenteerd, gewoonlik silindries en gepunt aan albei kante. Twee aparte geslagte word onderskei.

Filum Platyhelminthes (Platwurms) TREMATODES


- Trematodes (platwurm of “slakke”) vereis twee aparte gashere (dus 'n tweegasheer lewensiklus)
- Die geslagsryp stadium in die laaste gasheer is tot min beweging beperk, maar die twee larf stadiums beweeg opsoek na 'n gasheer
- Vereis Visser-filter of sedimentasie metode vir toets

MISEIERTELLINGS

BEVESTIGING VAN WURM INFESTASIES

SESTODES

- Sestodes (Lintwums) het al hul bewegingsorgane verloor, maar hul geslagsorgane is baie goed ontwikkel. Hulle gaan ook deur 'n ongeslagtelike siklus in hul lewensiklus



Volwasse wurm



Voorbeeld van 'n eier

Dr Jacob C Stroebel, State Veterinarian, Provincial Veterinary Laboratory, Department of Agriculture:
Western Cape. T: +27 (0)21 887 0324; F: +27 (0)21 886 5341; Cell: +27 (0)76 036 7134; Email:
jacobs@elsenburg.com